# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 26 JUNIE 2022

**Oggenddiens** om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach (3)
Galasiërs 5:1,13-26

### HULP AAN LEEU-GAMKA-UITREIKSPAN

Daar is steeds geleentheid om 'n finansiële bydrae tot die vakansie se uitreikprogram in Leeu-Gamka te maak. Bydraes sal vir die aankoop van kosprodukte en sanitêre ware vir minderbevoorregte persone in dié gemeenskappe benut word. Elektroniese inbetalings: ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing: LEEU-GAMKA. Doen asb. ook voorbidding vir ons uitreikspanne wat tans in Calitzdorp en Beaufort-Wes is. Bid asb. dat hulle veilig sal reis en positief deur die gemeenskappe ontvang sal word.

### MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Frances de Klerk (09/04/1969 - 22/06/2022). Frances was sedert 1998 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met haar man, André, asook haar seun, Jacobus, wat sy agterlaat. Gedenkdiensreëlings is nog onbekend.

### WELKOM MARIUS EN PAULINE

Ds. Marius Schoombie, nuwe voltydse leraar met fokus op jeug, sal vanaf 1 Julie in die gemeente werksaam wees. Ons verwelkom hom en sy vrou, Pauline, graag in Stellenberg. Hy word na die skoolvakansie, op Sondag 24 Julie tydens die Relevantdiens om 18:00 in die kerk voorgestel.

### SKATTEMARK | 30 JULIE

Kom kuier saam op Saterdag 30 Julie vanaf 10:00 tot 14:00 en spoor 'n paar skatte van onskatbare waarde op. Daar sal ook 'n lekker verskeidenheid eetgoed soos pizzas, worsbroodjies, koffie, lekkergoed en springmielies te koop wees. Daar is nog net 'n paar uitstalruimtes teen R150 elk beskikbaar. Bespreek so gou moontlik by Lindy, lindy@stellenberg.co.za.

**KONTAK ONS**

021 976 4519

WhatsApp: 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

**GEBEDSVERSOEKE**

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

**BREIGROEP**

Die groep ontmoet weer op Maandag 4 Julie om 09:30 in die markplein.

**DEUROFFERS**

Geen deuroffers tydens die skoolvakansie.

## VATVYF-PROGRAM

Ons kuier op Woensdag 20 Julie by die Koffie en Krummel-koffiewinkel op die kerk se terrein. Ons ontmoet mekaar om 10:00 by die koffiewinkel. Elkeen betaal vir hom- of haarself. Geen vooraf besprekings is nodig nie.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

## BOUWERK BY DIE SAALKOMPLEKS

Bestaande lokale in die grootsaal word omskep in kantoorruimte vir die nuwe jeugleraar en 'n administratiewe beampte en sal voortaan saam met die jeuglokaal as 'n jeugsentrum benut word. Die muur tussen die ou kafeteria-area en die voorportaal na die nisse word ook verwyder om die kafeteria-area te vergroot. Die ingang na die nisse sal ook mettertyd verskuif word om toeganklikheid na die nisse te vergemaklik.

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom slegs tydens skool-kwartale elke Maandag om 10:00 in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.